

21 JULIE

Skrifgedeelte: Filippense 4:1-9

Fokus: Filippense 4:4-9

Verander kommer in vrede en blydschap

Hoe kry mens dit reg om in die Here bly te wees en om die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, in jou lewe te ervaar?

Die probleem met baie van ons deesdae is dat ons innerlike lewe meer gevul is met bekommernis en kwellinge as met positiewe gedagtes. Kommer is nie iets waardeur mens se lewe staande gehou kan word nie – veral nie in tye van krissise nie. Kommer verteer 'n mens van binne af – dit vreet aan jou.

Die Bybelse oplossing is: gee al hierdie dinge wat jou besorgd maak, aan God oor: maak dit aan Hom bekend deur gebed; praat met die Here daaroor en beskryf al jou sorge. So maak mens die negatiewe inhoud in jou hart leeg.

Die plek daarvan moet egter weer volgemaak word met positiewe gedagtes. Gedagtefokus en gedagte-inhoude maak van ons of positiewe of negatiewe mense. Wanneer ons op die mooi en goeie en regte dinge in die lewe fokus, vul ons ons binneste met iets substansieel. En wat gebeur? God vestig sy vrede in ons binneste.

Hierdie vrede is nie afhanklik van gunstige omstandighede nie. Dit word nie bepaal deur aangename lewensopset nie. God gee dit!

Ons het nie altyd beheer oor ons omstandighede nie, maar ons het wel beheer oor ons gedagtes. Positiewe gedagtes verseker 'n lewe waar kommer vervang word met goddelike vrede.

Dr Francois Kruger (Middelburg-Noord)